Donderdag **21 November**

**Skrifgedeelte: Jesaja 43:1-7**

**Fokusgedeelte: Jesaja 43:1 (AFR33)**

**Jy is Myne!**

Baie van ons ken seker nog uit ons koppe daardie antwoord op die groot vraag: "Wat is jou enigste troos in lewe en sterwe?" En opgesom kan ons sê: "Dat ek aan Jesus Christus behoort." Wanneer ons Jesaja 43:1-7 lees, dan dink 'n mens daaraan. Maar wanneer ons Jesaja 43:1-7 lees, dan moet ons ook nie vergeet wat net voor dit staan nie. Lees Jesaja 42:18-25.

In vers 18 word die volk genoem dowes en blindes. Sonde veroorsaak hier op aarde geestelike doofheid en blindheid. Ons moet eerlik wees dat ons nie altyd hoor en luister na wat ons Here leer nie. Miskien lees iemand nou hierdie dagstukkie wat nie baie in die kerk kom nie. Miskien worstel jy in verhoudinge, omdat daar sekere sondes is wat jy nog vertroetel en nie aan die lig wil bring nie. Ons moet ook eerlik wees dat ons nie altyd sien wat die Here vir ons in sy Woord leer nie. Partykeer sien ons te veel van ons eie behoeftes en begeertes raak. Partykeer sien ons nie raak wat die Here wil leer nie, bloot omdat ons nie sy Woord lees en oordink nie.

Maar vir hierdie dowes en blindes is Jesaja 43:1-7 ook bedoel. Dis juis wanneer ons hierdie verse lees dat ons altyd weer genade ontdek. Want as ons mooi gaan kyk, dan begin vers 1 met die groot "maar" van die Here (lees vs 1, AFR33). Die Here se genade sal ons altyd by die "maar" uitbring. Wanneer ons soms uit hardkoppigheid ons eie koppe volg en dan stamp, sal Hy ons ook beskerm en by ons wees. As ons soms deur die storms van die lewe (siekte, dood, geldelike nood) getref word, sal Hy ons ook beskerm en by ons wees.

Ook dan sal ons weet ons behoort in lewe en in sterwe aan ons Here Jesus. Watter genade is dit nie?

*Sing: Psalm 33-1:10*

*Ds. W (Werner) van den Heever (Gobabis, Namibië)*